

vibe
innibos
JEUGKUNSTESIMPOSIUM & -EKSPLO

► MEESTERKLASSE
PROGRAM

20
26

STUDY WITH STADIO

DISTANCE & CONTACT
LEARNING

STADIO
HIGHER EDUCATION

WWW.STADIO.AC.ZA
087 158 5000



APPLY
NOW

THE NO.1 SCHOOL FOR THE CREATIVE ECONOMY



CREATE. BUILD. OWN. LEAD.



APPLY
ONLINE



CAMPUS
DETAILS



FOLLOW US ON:



NAMENS DIE INNIBOS BESTUUR & DIREKSIE



*Sandra Jacobs
+ Andy Lubbe*

By Innibos glo ons dat die volhoubaarheid van die kunste begin by die ontwikkeling van jong talent én die kweek van nuwe gehore. VIBE Innibos is gebore uit hierdie oortuiging – 'n doelgerigte inisiatief om hoërskoolleerders landwyd die geleentheid te bied om die kunste eerstehands te beleef en te ontdek. Hierdie unieke jeugkunstesimposium skep 'n toeganklike en inspirerende ruimte waar leerders nie net aan professionele kunsproduksies blootgestel word nie, maar ook aktief kan deelneem aan meesterklasse,

mentorskap en kreatiewe uitdrukking. Deur praktiese ervaring en direkte interaksie met gevestigde kunstenaars en bedryfskenners, word 'n waardevolle brug gebou tussen passie en moontlike loopbane in die kreatiewe industrie.

Ons is veral opgewonde oor die geleentheid wat VIBE bied om jongmense, wat andersins beperkte toegang tot die kunste het, te inspireer en te bemagtig. Hierdie projek is nie net 'n belegging in individuele talent nie, maar in die kulturele toekoms van ons land.

As Innibos bestuur bedank ons graag elke borg wat in hierdie spesiale projek belê het. Sonder julle sou Vibe Innibos nie moontlik gewees het nie. Aan Steven Schámrel wie se breinkind hierdie simposium is: Dankie dat jy jou visie met soveel passie najaag! Ons vertou saam met jou dat Vibe van krag tot krag sal gaan.

Ons nooi elke deelnemer om hierdie ervaring en unieke geleentheid met oop harte aan te gryp en hul kreatiewe stem met selfvertroue te ontdek!

Potensiaal.

'n Woord wat soveel uiteenlopende emosies by Suid-Afrikaners ontlok. Woede oor vermorste potensiaal of uitbundigheid oor potensiaal wat uiteindelik verwesenlik word.

Dit is juis vanuit 'n brandende behoefte om die potensiaal van jong kunstenaars te ontsluit en te ontwikkel dat VIBE Innibos gebore is.

Om kreatiewe werke te kan skep – visueel of uitvoerend – is 'n uitsonderlike gawe en het die potensiaal om so 'n groot impak op ons samelewing te hê; om stories te vertel en emosies te ontlok, om mense bymekaar te bring en vir 'n oomblik te laat vergeet van die malligheid van die wêreld en doodeenvoudig om mooi te maak.

Jong kunstenaars het ook die potensiaal (en verantwoordelikheid) om die toekoms van die kunste in Suid-Afrika

te vorm. Die potensiaal van die kunste en jong kunstenaars word dikwels oorgesien en dit is waar VIBE Innibos 'n belangrike rol speel om potensiaal te laat ontplof.

Kom leer by die beste van die beste in jou veld, word blootgestel aan die kunste in praktyk en kerf vir jouself 'n toekoms in die kunste.

Kom VIBE saam met ons – ons sien uit om jou te ontmoet.



PROJEK KOOËRDINEERDER

PEACH VAN PLETZEN



Peach van Pletzen is 'n veelsydige Suid-Afrikaanse musikant en vervaardiger wat bekendheid verwerf het vir sy unieke vermenging van elektroniese musiek, satire en skerp sosiale kommentaar. Benewens sy musikale loopbaan, bied hy die invloedryke podcast PRAATING aan, waarmee hy 'n belangrike kulturele platform vir eerlike en humoristiese gesprekke oor kreatiwiteit en identiteit geskep het.

MAAK KUNS OF MAAK CONTENT?

'n Eerlike en humoristiese blik op hoe kunstenaars vandag moet balanseer tussen kreatiwiteit, die algoritme en die versoeking om vir dopamien te dans.

In 'n wêreld waar jy voortdurend moet kies tussen maak kuns of maak content, raak die lyn tussen kreatiwiteit en aandag al hoe dunner. Want ja — content is king, maar dan bly die vraag: wie's die nar?

In hierdie eerlike, skerp en dikwels humoristiese gesprek verken Peach van Pletzen die realiteite van skep in die digitale era.

Met insigte uit sy eie loopbaan deel hy hoe dit voel om tussen kuns en content te beweeg.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos



BARRY PRETORIUS

Barry Pretorius is 'n bekroonde kreatiewe regisseur en vervaardiger wat uitdagende konsepte in wêreldklas-skouspelle omskep. As argitek van Afrikaans is Groot, The Masked Singer South Africa, Joburg Day en Afrikaans is Groot: Klassiek, strek sy invloed van GOEMA tot Netflix. Hy kombineer kuns met besigheid en rus die volgende geslag toe om die bedryf met visie te lei.

SHOWBIZ: DIE KUNS VAN DIE PERFEKTE MELKERT

In die vermaaklikheidswêreld is jy nie net 'n kunstenaar nie, maar 'n produk – amper soos 'n melktert. As die gehalte ontbreek, gaan niemand dit koop nie. Barry Pretorius gebruik hierdie unieke metafoer om die bedryf se geheime te ontbloot. In hierdie meestersklas leer jy die resepte vir sukses: Hoe om jouself as produk te "bak". Sukses verg uithouvermoë; moenie skrik vir die "flops" langs die pad nie.

Gehalte bo kortpaaie: "Volroom" wen altyd. Moet nooit gehalte afskep as jy wil hê jou verkope moet floreer nie.

Die "geheime bestanddeel": Egtheid is deurslaggewend. Gehore proe dadelik wanneer passie ontbreek.

Baanbrekerswerk: Moenie bang wees om te eksperimenteer en die bedryf op sy kop te keer nie. Is jou kuns 'n stokperdjie of jou ware roeping? Kom leer hoe om jou talent in 'n onweerstaanbare suksesverhaal te omskep.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos

MURRUY LUBBE



Murray Lubbe is 'n gerekende musiekvervaardiger en klankingenieur wat reeds duisende snitte vir topkunstenaars soos Kurt Darren en Appel vervaardig het. As medestigter van Hit Factory Productions lei hy groot produksies soos Afrikaans is Groot. Sy unieke kundigheid in klanktegnologie en kreatiewe produksie maak hom 'n sleutelfiguur in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidslandskap.

HOE OM DIE KOMMERSIËLE MUSIEKBEDRYF TE BETREE

Droom jy daarvan om jou stem oor die radio te hoor of om die verhoog te deel met al jou gunsteling musieksterre? Moenie die geleentheid misloop om te leer by een van Suid-Afrika se gesogste musiekvervaardigers nie. In dié eksklusiewe meestersklas deel Murray Lubbe – die brein agter meer as 1 100 snitte vir sterre soos Appel, Demi-Lee Moore en talle ander platinum-kunstenaars — sy kennis en insig oor die musiekbedryf. Murray neem jou agter die skerms van die kommersiële bedryf en bespreek praktiese aspekte soos:

Die pad van demo tot treffer: Waarna soek platemaatskappye en vervaardigers in 'n kunstenaar? **Tegnologie en talent:** Hoe om die balans tussen kreatiwiteit en klanktegnologie te vind.

Loopbaanfokus: Die verskil tussen die ateljee-omgewing en die eise van groot regstreekse produksies soos Afrikaans is Groot.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos

CHRISTIAAN BEZUIDENHOUT



Christiaan is 'n ateljee- en klankingenieur met meer as 20 jaar se ervaring in musiek- en klanktegnologie.

Hy doseer klankingenieurswese by Unigrad Kollege Mbombela en is aktief betrokke by ateljeeproduksie sowel as vertonings.

BEMEESTER JOU KLANK

Goeie klank begin lank voor die eerste noot. Hierdie praktiese werkwinkel is spesifiek vir sangers, musikante en groepe ontwerp om die kommunikasiegaping tussen kunstenaars en klankingenieurs te oorbrug.

KOM LEER VAN:

Noodsaaklike klankterminologie: Begryp monitors, EQ, terugvoer en korrekte mikrofoontegniek.

Verhoog-etiket: Bemeester "soundcheck"-etiket en leer hoe om jou behoeftes duidelik en konstruktief oor te dra.

Tegniese voorbereiding: Die opstel van professionele tegniese lyste (tech riders) en verhoogplanne (stage plots).

Samewerking: Verstaan waarna ingenieurs luister en hoe eenvoudige verhoog-gewoontes jou vertoning dramaties kan verbeter.

Teen die einde van die sessie sal jy met meer selfvertroue in die lewendige klankomgewing beweeg. Kry die gereedskap om doeltreffend saam met tegniese spanne te werk en verseker dat jou vertoning vlot verloop.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



▶ MUSIEK PROGRAM

RYAN ZIMBLER



Ryan Zimble is die kitaarspeler en voorsanger van The Barcode Bandits, 'n Suid-Afrikaanse groep wat reeds sedert 2012 optree, en is 'n passievolle skepper met 'n diep liefde vir elektroniese musiekproduksie. Deur werklike musikale ervaring met 'n duidelike, boeiende aanbiedingstyl te kombineer, maak hy die proses om jou eerste snit te vervaardig eenvoudig, toeganklik en opwindend vir beginners.

INLEIDING TOT ELEKTRONIESE MUSIEKPRODUKSIE

Sluit by ons aan vir 'n inleiding tot musiekproduksie, waar ons die prosesse om 'n elektroniese snit van nuuts af te bou stap-vir-stap gaan ontleed – geen vorige ervaring is nodig nie. Deur gebruik te maak van sagteware soos Cubase, sal jy sien hoe eenvoudig en kreatief dit kan wees om musiek te vervaardig.

In dié meestersklas verken ons die basiese beginsels van "beat-making", die skep van melodieë, klankontwerp en basiese mengtegnieke. Jy sal sien hoe individuele elemente saamvloei om 'n volledige liedjie te vorm, en teen die einde van die sessie sal jy die selfvertroue hê om jou eie snitte by die huis te begin vervaardig.

Of jy nou 'n aspirant-vervaardiger is, 'n musikant wat nuuskierig is oor digitale skepping, of bloot iemand is wat van elektroniese musiek hou – dié sessie sal die prosesse duidelik uiteensit en jou kreatiwiteit inspireer.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



WANDA ZONKE



Wanda Zonke is 'n jazz-musikant wat in saksofoon spesialiseer. Hy het jazz gestudeer aan die voormalige Natal Technikon (wat sedertdien met die Durban Universiteit van Tegnologie saamgesmelt het) en was vir 15 jaar 'n lektor in jazz-studies aan die Central Johannesburg College. Gedurende sy loopbaan het hy die verhoog met talle gerekende kunstenaars gedeel.

WAT DEFINIEER 'N MUSIEKGENRE?

In dié boeiende meesterklas lig die veteraan-jazz-saksofonis en opvoeder Wanda Zonke die sluier oor die DNS van klank. Hoewel ons musiek dikwels in netjiese boksies soos "jazz", "pop" of "klassiek" wil indeel, word die lyne tussen hierdie genres gereeld vervaag deur geskiedenis, geografie en tegniek.

Gedryf deur sy 15 jaar ervaring as lektor by die Central Johannesburg College en sy diep wortels in die Suid-Afrikaanse jazz-wêreld, verken Wanda die fundamentele bousteene wat 'n genre definieer. Hierdie sessie beweeg verby eenvoudige definisies om te kyk hoe ritme, instrumentasie en sosiale konteks saamvloei om die musiek waarvan ons hou te skep.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



LIZ MEIRING



In 2026 vier Lizz Meiring 55 jaar in die uitvoerende kunste. Sy het op negejarige ouderdom professioneel begin speel, en dit is vanjaar 40 jaar sedert sy haar BA Drama (Hons)-graad by UP voltooi het. Meer as 2 000 produksies later — asook 24 toekennings — is sy steeds hier!

LIZZ PRAAT OOR SHOWBIZ!

As akteur, skrywer, regisseur, vervaardiger, aanbieder en spreker met 55 jaar se ervaring in teater, TV, film en radio, deel Lizz Meiring haar geheime.

Sy gesels oor die basiese tegnieke van spel, skryf en aanbieding, en—belangriker nog—hoe om die “bedryf” van die uitvoerende kunste suksesvol te bedryf!

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



JUSTIN DAVID JACOBS & ANNA SOPHIA LOPES DA SILVA

Justin David Jacobs is 'n Johannesburg-gebaseerde MFA-gegradeerde, akteur en regisseur. As huidige AFDA Hatfield Registrateur, vorm hy reeds twee dekades lank Suid-Afrikaanse uitvoerende kunste-talent.

Anna Sophia Lopes da Silva is 'n Senior Redigering-dosent by AFDA Johannesburg, SAGE-lid en MFA-kandidaat wat spesialiseer in genuanseerde vroulike verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse filmbedryf.

SKIET 'N FILM — AFDA WERKSWINKEL

Is jy 'n aspirerende filmmaker, storieverteller, akteur of kreatiewe entrepreneur? Sluit aan by die opwindende AFDA VIBE werkswinkel, waar jy AFDA se kern kreatiewe dissiplines kan verken en eerstehands kan ervaar wat dit beteken om te skep, te bou, te besit en te lei binne die kreatiewe ekonomie.

In hierdie interaktiewe sessie neem deelnemers deel aan 'n 90-minute praktiese werkswinkel wat deur ervare AFDA-dosente aangebied word. Jy sal saam met ander deelnemers werk om 'n 30-sekonde film te konseptualiseer, te skiet en aan te bied, met slegs jou slimfoon. Tydens die proses sal jy verskillende rolle binne 'n produksie verken, insluitend skryf, regie, spel en produksie, en leer hoe kreatiewe idees ontwikkel kan word tot werklike projekte en loopbane. Woon die AFDA VIBE werkswinkel by en ontdek hoe jy kan begin om jou plek in die kreatiewe ekonomie te skep en bou.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



TARRYN LEE



Tarryn Lee het 17 jaar ondervinding in “Playback Theatre”, beide plaaslik en in die buiteland. Sy is die streekverteenvoorder vir Afrika van die International Playback Theatre Network (IPTN), asook 'n geakkrediteerde “Playback Theatre”-opleier. Tarryn het die 2017 Playback Leadership-program in Brasilië onder leiding van die stigter, Jonathan Fox, voltooi.

PLAYBACK THEATRE VIR DIE JEUG

Ontdek die krag van “Playback Theatre”, 'n unieke vorm van improvisasie waar deelnemers se eie lewenservarings omskep word in spontane teater. Hierdie meestersklas begelei leerders deur improvisasie- en vertolkings-tegnieke, met 'n sterk fokus op deernis en aktiewe luistervaardighede binne ensemble-verband.

Dit bied 'n veilige platform vir kreatiewe verkenning waar alledaagse oomblikke omskep word in treffende miniatuur-teaterstukke. Die ervaring is ontwerp om jongmense te bemagtig, hul selfvertroue te bou en empatie te kweek deur die kuns van storievertelling.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



MC VAN DER MERWE



MC van der Merwe is 'n ervare spesiale-effekte-spesialis en toegewyde opleier by Blush Academy, waar hy reeds 22 jaar lank aspirante slyp. Met 'n passie vir teater-transformasie en grimeerkuns, bring hy karakters met presisie tot lewe. As gerespekteerde figuur in die bedryf, lei hy studente om tegnieke vir die verhoog en skerm meesterlik te bemeester..

TEATERGRIMEER MEESTERKLAS!

Ontsluit die kuns van transformasie in ons Teatergrimeer-meesterklas! Hierdie praktiese ervaring is ontwerp vir akteurs en kreatiewe siele om treffende, verhoog-gereed voorkomste te skep wat onder die kollig uitstaan. By een van ons drie eksklusiewe meesterklasse leer jy noodsaaklike tegnieke soos teater-veroudering, karaktergrimeerkuns en ekspressiewe verhoogbesonderhede.

Onder deskundige leiding sal jy verken hoe om gelaatstrekke te beklemtoon, geloofwaardige karakters te bou en grimering aan te wend wat dwarsdeur vertonings hou. Of jy nou vir die eerste keer die verhoog betree of jou vaardighede wil opskerp, hierdie meesterklas sal jou toerus met die gereedskap en selfvertroue om enige karakter lewend te maak.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



KAZ MACFADDEN



Kaz McFadden is 'n veelsydige akteur, regisseur en skrywer met ryk ervaring in film, teater en radio. As Besturende Direkteur van PALI Incubation lei hy 'n professionele span om opkomende talent te slyp. Hy is in 2024 as Beste Akteur by die Vrystaat Kunstefees bekroon en toer tans met die produksies Diepe Grond en Dieretuin.

TONEELSPEL 101

In hierdie praktiese meesterklas stel Kaz McFadden aspirant akteurs bekend aan die kernmediums van spel: film, televisie en teater. Deur te put uit sy omvattende ondervinding in die bedryf, ontleed Kaz die sleutelverskille tussen hierdie vorme en begelei hy deelnemers oor hoe om hul benadering vir elke medium met selfvertroue aan te pas.

Die sessie plaas 'n sterk klem op praktiese toepassing, wat aspirant akteurs in staat stel om 'n beter begrip van speltegniek te ontwikkel. Sentraal tot die meesterklas is die proses om instink en natuurlike talent in professionele tegniek te omskep—sodoende word akteurs toegerus met die gereedskap om enige toneel met akkuraatheid en doelgerigtheid aan te pak.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



JAUQUE DE SILVA



Jaques de Silva is 'n Johannesburgse akteur en fisiese teatermaker met meer as twee dekades ervaring. Sy werk fokus op Lecoq-praktyke en "devised performance," waar die liggaam as instrument van die verbeelding dien. As fasiliteerder skep hy energieke, samewerkende ruimtes waar jong kunstenaars deur beweging, asemhaling en spel tot dapper, beliggamde outeurskap gelei word.

FISIESE TEATER: GEE DIE LIGGAAM 'N STEM

Hierdie werkwinkel ondersoek die liggaam se natuurlike vermoë om te kommunikeer — nog vóór woorde, vóór teks, vóór karakter. Deur beweging, ritme en speelse fisiese oefeninge ontdek studente hoe die liggaam bedoeling, emosie en storie dra. Ons fokus op bewussyn, helderheid en beheer — en bou 'n fisiese woordeskat van gebaar, houding, tempo en ruimtelike teenwoordigheid.

Deelnemers leer hoe om materiaal vanuit fisiese impulsie te ontwikkel en hoe om met groter presisie en selfvertroue op die verhoog te beweeg. Die kern bly eenvoudig: om die liggaam te leer praat — duidelik, sterk en eerlik.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



TERESE POTGIETER



Terese Potgieter, modeontwerper en leier in die veld van modeontwerp by STADIO School of Fashion, inspireer reeds vyftien jaar lank studente deur kreatiwiteit. Nadat sy haar handelsmerk, Nooi, by Audi Joburg Fashion Week bekendgestel het, fokus sy nou op vakmanskap en volhoubaarheid in die klaskamer. By Innibos deel sy haar kundigheid en passie in 'n onvergeetlike sessie vol dapper kreatiewe denke.

STYLE IT YOURSELF: MIDI-ROMP-SESSIE

Het jy al ooit gedroom om jou eie mode-items onder leiding van kenners te skep? In hierdie praktiese werks-winkel vir beginners maak jy jou eie stylvolle midi-romp met 'n rek-middellyf en verpersoonlik dit heel-temal volgens jou smaak. Onder leiding van kundige fasiliteerders van die STA-DIO School of Fashion leer jy tegnieke soos doop-kleur, borduurwerk en appliek-werk om jou item uniek te maak.

Geen vorige ondervinding is nodig nie; slegs 'n passie vir kreatiwiteit en 'n begeerte om iets self te maak. Jy stap weg met 'n eksklusiewe, handgemaakte romp, asook die vaardighede en selfver-troue om voortaan self te skep. Of jy nou 'n beginner of 'n gesoute kreatiewe siel is, hierdie sessie is ontwerp om jou unieke styl te vier en jou kreatiewe gees te ver-kwik. Moenie hierdie kans misloop om iets besonder met jou eie hande op te to-wer nie!

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

STADIO
HIGHER EDUCATION



REUBEN MPANGANE

Reuben Nketlane Mpangane, die 2025 Innibos Feeskunstenaar, is 'n veelsydige skilder, beeldhouer en grafiese kunstenaar. As projekbestuurder by Emathalente Training bemagtig hy ander deur kreatiewe handwerk. Sy nuutste werk fokus op innoverende plastiekherwinning om fyn kuns-collages te skep. Hierdeur oorbrug hy vaardig die gaping tussen omgewingsbewustheid en hoëgehalte

SPEEL MET KLEUR

Beleef 'n tasbare, maar ook innerlike ervaring van kleur deur materiaal te stik, kram en saam te voeg in collages wat vreugde, rustigheid of hoop uitstraal. Hierdie meesterklas daag jou uit om anders te dink oor kleur: bestaan dit werklik, of is dit bloot iets wat ons in ons kop ervaar?

Kom saam op hierdie unieke reis waar eenvoudige materiale en komplekse kreatiewe uitdrukking mekaar ontmoet. Deelnemers kry die geleentheid om hul kreatiwiteit te verken en gaan dalk selfs huis toe met hul eerste eie meesterstuk!

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos

HANNES STRYDOM



Hannes Strydom is 'n grafiese ontwerper en illustreerder wat in Nelspruit woon. Hy het Inligtingsontwerp aan die Universiteit van Pretoria studeer en teken en skilder reeds van kindsbeen af. Sy gunstelingmedium is enige vorm van ink en hy verkies dit om mense en portrette in alle vorme te teken, dikwels met 'n fokus op die verskuilde elemente van die menslike psige.

STOKMANNETJIES WELKOM: 'N BEGINNERSGIDS VIR TEKENWERK

Hierdie meesterklas bied 'n eenvoudige, toeganklike inleiding tot figuurtekening vir beginners. Dit help deelnemers om die vrees vir die skoon bladsy te oorkom en met selfvertroue die menslike vorm te skets—vaardighede wat maklik na ander kunsvorme en tegnieke oorgedra kan word.

Die fokus val op die raaksien van vorms, die aanvaarding van foute, en die geleidelike opbou van sketse deur gebare, lyne, toonwaardes en vorm. Portretstudies en hande word verken, asook hoe 'n omgewing en 'n storie-element bygevoeg kan word om tekeninge werklik tot lewe te bring.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos

DANA MACFARLANE



Dana is in Praag gebore, het in Pretoria grootgeword en het in 2008 haar 23-jaar lange loopbaan in die bankwese vir die visuele kunste verruil. Nadat sy 'n galery in Johannesburg geopen het, het sy in 2015 na die Laeveld verhuis. Sedert 2018 is sy aan die stuur van die White River Gallery, waar sy Mpumalanga-kunstenaars bevorder deur nasionale en internasionale kunsbeurse, uitstallings, internasionale samewerkings en die uitbreiding van nuwe galerytakke.

AGTER DIE ESEL: DIE BESIGHEID VAN KUNS

Die meeste kunsopleiding fokus op tegniese vaardighede, maar gegradeerdes ontbreek dikwels aan die sakevernuw wat nodig is om in die professionele bedryf te oorleef. Hoewel studente daarna streef om ekonomies selfstandig te wees, dek kurrikulums selde hoe om die uitdagende kunsmark te betree. My lesing, *Beyond the Canvas – The Business of Art*, oorbrug hierdie gaping deur opkomende kunstenaars met noodsaaklike bedryfskennis toe te rus.

Ons ondersoek verskeie maniere om werk te verkoop, asook die voor- en nadele van galeryverteenvoording. Praktiese sessies fokus op die opstel van professionele CV's en kunstenaarsverklarings, en gee riglyne oor hoe om galerye te benader. Daarbenewens bespreek ek langtermynprysstrategieë, die rol van sosiale media en die belangrikheid van 'n sterk professionele netwerk. Deur te verduidelik waarna die bedryf in 'n "goeie kunstenaar" soek, poog hierdie lesing om die selfvertroue van nuwe skeppers te versterk sodat hulle suksesvol in 'n mededingende mark kan floreer.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

White River Gallery
by HALIFAX ART



LYNMARIE GRIFFIOEN

As 'n gegradeerde van die Elizabeth Galloway Fashion Design Academy, spesialiseer ek al ses jaar lank in die ontwerp van pasgemaakte rokke. As 'n kreatiewe entrepreneur lei ek tans 'n span wat toegewy is aan die kuns om betekenisvolle, pragtig-passende kledingstukke te skep. Ek balanseer my passie met die lewe as vrou en ma van 'n tweeling, en gebruik kreatiwiteit om mense selfversekerd en raakgesien te laat voel.

DIE KREATIEWE PROSES: VAN 'N IDEE TOT 'N ROK

Lynmarie Griffioen neem jou op 'n reis deur die fassinerende wêreld van "made-to-measure" skeppings, waar sy die pad van 'n aanvanklike konsep tot die finale, perfekte passing verken.

Deelnemers sal leer hoe om inspirasie in ontwerpe te omskep, die belangrikheid van deurdagte konstruksie te verstaan en te sien hoe 'n unieke visie deur vakmanskap tot lewe gebring word. Of jy nou 'n passie vir mode het of bloot die kuns agter die klere wil verstaan, hierdie sessie bied 'n seldsame kykie in die kreatiewe proses wat mode in kuns verander.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:

vibe
innibos

▶ VISUELE KUNSTE PROGRAM

KARIEN BOSMAN



As 'n veelsydige kreatiewe persoon was dit 'n natuurlike keuse om vir 14 jaar lank as visuelekunsonderwyser te werk, waar ek tieners aangemoedig het om hul eie stem te ontdek. In 2025 het ek Creative Canopy gestig om my voltyds aan my kuns te wy. Sedertdien het ek 'n boek self gepubliseer, aan die ontwerp van groetkaartjies meeewerk en werkwinkels begin aanbied—ek leef my droom en inspireer ander om dieselfde te doen.

KUNS-HACKS: KREATIEWE KORTPAAIE NA MEESTERSTUKKE

Wie sê goeie kuns verg jare se oefening? In hierdie praktiese werkwinkel sal jy die slim kortpaaie, wenke en "hacks" ontdek wat regte kunstenaars gebruik om asemrowende werk te skep—geen ondervinding word benodig nie!

Van oliepastel-afdrukke tot die towerkuns van maskeerband; jy sal huis toe gaan met nuwe vaardighede en 'n kunswerk waarop jy werklik trots is.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



LOUISE VAN DER MERWE



Louise is 'n hoogs bekwame grimeerkunstenaar en lektor met meer as twee dekades se ondervinding in die bedryf. As eienaar van Blush Academy SA, spesialiseer sy daarin om voornemende grimeerkunstenaars op te lei in professionele-, bruids-, mode- en fotografiese grimering, sowel as spesiale effekte. As 'n gekwalifiseerde Kryolan-opleier, is Louise bekend vir haar aandag aan detail en passie vir die ontwikkeling van talent in die wêreld van grimering.

DANSGRIMERING- MEESTERSKLAS

Hierdie praktiese meesterklas is ontwerp vir dansers wat voorberei vir eksamen en vertonings en sal jou leer om professionele, langdurige dansgrimering te bemeester.

Deur 'n duidelike, stap-vir-stap demonstrasie sal jy die noodsaaklike tegnieke leer om jou gelaatstrekke onder verhoogligte te beklemtoon, duursaamheid tydens lang roetines te verseker en algemene foute te vermy.

Van die perfekte aanwending van onderlaag tot intense definiering van jou oë en afronding, dek ons al die moets en moenies om jou te help om elke keer 'n perfekte uitkoms te kry. Of jy nou 'n beginner is of jou vaardighede wil verfyn, hierdie werkswinkel sal jou die selfvertroue gee om foutloos op die verhoog te verskyn.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



Blush Academy
MAKE-UP, SPECIAL EFFECTS,
HAIR & BEAUTY

ANGELA REVIE



Angela Revie is 'n Suid-Afrikaanse Prima Ballerina en Artistieke Bestuurder by Mzansi Ballet. As bekroonde choreograaf en ervare instrukteur het sy op die oorsese verhoog hoofrolle in Europa, Kuba en Asië vertolk. Angela is passievol oor die ontwikkeling van veelsydige dansers en kombineer tegniese uitnemendheid met 'n diepgewortelde passie vir kuns in haar choreografie en vertonings.

KUBAANSE KLASSIEKE BALLET:

TEGNIK, KRAG & KUNSTENAARSKAP

Hierdie meesterklas bied 'n omvattende verkenning van die bekende Kubaanse balletmetodologie, met 'n bepaalde fokus op belyning, krag en tegniese vaardigheid. Die sessie skop af met 'n gestruktureerde opwarming, gevolg deur noukeurige werk by die barre en sluit af met dinamiese bewegings oor die vloer. Vir beginners bied die werkswinkel 'n noodsaaklike uiteensetting van basiese stappe, met 'n sterk klem op korrekte plasing en 'n deeglike begrip van klassieke terminologie. Aanvullende kondisionering en voorbereidende oefeninge word ingesluit om die nodige koördinasie en fisieke krag vir klassieke tegniek op te bou, wat dansers in staat stel om veilig tot komplekse bewegings te vorder. Daar is ook 'n groot fokus op musikaliteit. Dansers word uitgedaag om verder as bloot tegniek te kyk en die klassieke woordeskat te gebruik om emosionele uitdrukking en storievertelling te verken. Deelnemers word begelei om die selfvertroue, akkuraatheid en unieke individualiteit te ontwikkel wat nodig is om as kunstenaars uit te blink.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



MAHLATSE SACHANE



Mahlatse Sachane is 'n professionele danser wat sy loopbaan by Joburg Ballet begin het, waar hy as senior lid van die corps de ballet gedans het. Hy het daarna deel geword van die internasionale toer van The Lion King en het ook as gaskunstenaar by die Cape Town City Ballet opgetree. Tans dans Mahlatse by Mzansi Ballet, terwyl hy sy impak uitbrei deur onderrig en aktief by verskeie dansprojekte betrokke te wees.

AFRO-FUSION FLOW: VIND JOU GRONDSLAG

In hierdie meesleurende werkswinkel sal deelnemers die naatlose vermenging van kontemporêre dans en Afrika-beweging verken, met 'n fokus op geaardheid, ritme en ekspressiewe konneksie eerder as bloot tegniese stappe. Deur Afrika-elemente te integreer om diepte en tekstuur aan kontemporêre vorme te verleen, sal jy leer om met gefokus te beweeg en eerlike stories deur jou liggaam te vertel. Die sessie vloei deur 'n gestruktureerde reis van ontdekking, wat begin met 'n fisieke opwarming en beweeg na tegniese verkenning, kreatiewe improvisasie en ten slotte die aanleer van 'n choreografie wat hierdie uiteenlopende style saamvat.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



JAYD SWART



Jayd lei Kingsmead College se top-dansprogram en die Jozi Youth Dance Company. As 'n RAD-gekwalifiseerde kenner het sy studente tot internasionale sukses by die YAGP en The Fonteyn gelei. Met 18 professionele produksies en 12 internasionale toere op haar kerfstok, is Jayd 'n internasionale choreograaf en beoordelaar wat toegewyd is daaraan om Suid-Afrikaanse dans wêreldwyd te bevorder.


BEMEESTER OUDISIES: KLOP JOU SENUWEES EN STEEL DIE KOLLIG

Oudisies kan intimiderend wees, maar om voorbereid te wees verander alles. Hierdie meesterklas leer jou waarna beoordelaarspanele werklik soek, hoe om doeltreffend voor te berei en hoe om jou beste self na die vloer te bring. Ontdek tegnieke vir selfvertroue, ingesteldheid, aanbieding en prestasie wat oudisies in geleentede kan omskep.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



FANA TSHABALALA



Fana Tshabalala is 'n danser, onderwyser en choreograaf. Hy was die 2013 Standard Bank Young Artist-wenner vir dans, die 2014-ontvanger van die Visa for Creation in Parys en 'n 2018-pryswenner vir Black Excellence in Chicago. Fana is tans 'n dansinstrukteur by die Universiteit van Johannesburg (UJ) se Arts Academy, onder die vaandel van UJ Arts & Culture in die Fakulteit van Kuns, Ontwerp en Argitektuur.

KONTEMPORÊRE DANS-WERKSWINKEL

Hierdie werkswinkel sluit 'n tegniese opwarming in, gevolg deur dans-kombinasies en opeenvolgings. Deelnemers sal ook verskeie improvisasie-tegnieke verken wat hulle sal toerus met die kennis en vaardighede om hul eie kreatiewe bewegings en choreografie te ontwikkel.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



BAFANA BINDA



Bafana Binda is 'n gerekende Pantsula-danser, choreograaf en stigter van Via Vyndal Pantsula. Sy loopbaanhoogpunte sluit Drake se "One Dance"-musiekvideo, die reeks Tjovitjo, en Mzansi Ballet se Carmen, in. As bekroonde kunstenaar wen hy die 2018 die Mzansi Kwaito-toekenning vir beste dans en tree in 2017 by die NYC Children's Monologues op.

PANTSULA: ERFENIS IN BEWEGING

Pantsula is 'n hoë-energie straatkultuur genre wat op presisie en tegniek gebou is. Gereelde oefening is noodsaaklik om die ingewikkelde kombinasies te bemeester. Dit is 'n lewendige, energieke dansvorm wat in die hart van Suid-Afrikaanse townships ontstaan het. Tydens hierdie meesterklas sal deelnemers improvisasie-tegnieke verken om hul kreatiwiteit te ontsluit en hul eie unieke styl en choreografie ontwikkel.

▶ MET TROTS GEBORG DEUR:



▶ DANS PROGRAM

the school for the creative economy




Film | Television | Performance | Business Innovation | Creative Writing



White River Gallery

by HALIFAX ART





THANK YOU TO OUR SPONSORS



JAYD SWART




Jayd Swart, a TUT graduate and JOZIDANCE founder, directs Kingsmead College's top dance program and the Jozi Youth Dance Company. She leads South African Global Dance Association and has choreographed for Joburg Ballet and the Korean Ballet. With 12 international tours, Jayd is a premier RAD-qualified educator and judge elevating South African dance on the global stage.

FROM NERVES TO SPOTLIGHT: MASTERING THE AUDITION ROOM

Auditions can be intimidating, but preparation changes everything. This masterclass explores what casting panels are actually looking for, how to prepare effectively, and how to bring your best self into the room. Discover techniques for confidence, mindset, presentation, and performance that turn auditions into opportunities.

▶ PROUDLY SPONSORED BY:



FANA TSHABALALA

Fana Tshabalala is a dancer, teacher, and choreographer. He was the 2013 Standard Bank Young Artist Award winner for Dance, the 2014 recipient of the Visa for Creation in Paris, and a 2018 award winner for Black Excellence in Chicago. Fana is currently a dance trainer at the University of Johannesburg (UJ) Arts Academy, under the UJ Arts & Culture division within the Faculty of Art, Design, and Architecture.

CONTEMPORARY DANCE WORKSHOP

This workshop includes a technical dance warm-up, followed by dance combinations and sequences. Participants will also explore improvisation tools designed to equip them with the knowledge and skills to develop their own creative movement and choreography.

▶ PROUDLY SPONSORED BY:



BAFANA BINDA



Bafana Binda is a powerhouse Pantsula dancer, choreographer, and founder of Via Vyndal Pantsula. His career highlights include Drake's "One Dance" music video, the series Tjovitjo, and Mzansi Ballet's Carmen. A multi-award winner, he won the 2018 Mzansi Kwaifo Best Dance Award and performed at the 2017 NYC Children's Monologues.

PANTSULA: HERITAGE IN MOTION

